LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 12/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Is God nog #1?

"Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister." - Romeine 1:20-21. Ek wonder soms, wat as dit vir 'n tyd nie met ons goed gaan nie, hoe reageer ons? Wanneer dit met ons goed gaan, dan word ons mos groot, ons besef nie meer ons afhanklikheid van God nie. Ons wil onsself dikwels op die troon plaas. Die vraag is, eer ons God nog soos ons Hom moet eer? Of dink ons, die wêreld het verander, God moet ook. Is God dan nie gister, vandag en môre dieselfde God nie? Ons wil kla oor die omstandighede, lewenstandaard en ekonomie, maar ons vergeet soms wie hou alles in stand. Laat ons met nabetragting doen en dink, is God nog nommer 1 in ons lewe? Vandag is ek om die waarheid te sê oor min dinge regtig seker, ek weet egter verseker dat Jesus leef en Hy kom op die wolke, wanneer weet ek nie, maar ek weet die tyd kom vinnig nader en ek wil gereed wees.

## Goegieland

Baie dankie vir almal se moeite en deelname tydens ons onlangse prettige dae! Ons waardeer elke bydrae en deelname. Onthou asseblief dat hierdie spesiale dae nie bedoel is om geld te kos nie — die fokus is op pret en samehorigheid, nie op uitgawes nie. Ons wil ook ouers vriendelik herinner om asseblief nie gaskoeldrank in hul kinders se kosblikke te pak nie. Water of gesonde sappe is altyd die beste keuse. Gereelde bywoning is baie belangrik, veral gedurende assesseringstye. Help ons asseblief om 'n volledige prentjie van elke leerder se vordering te kry deur seker te maak dat hulle daagliks by die skool is. Laastens, herinner ons u vriendelik daaraan om asseblief die kwartaallikse voorraad van "wetwipes", sneusdoekies en handseep saam te stuur. Dit help ons om 'n skoon en gesonde leeromgewing vir almal te handhaaf. Baie dankie vir u ondersteuning en samewerking!

Groete uit Goegieland

## Welkom terug!

Baie welkom terug na die vakansie, ons glo en vertrou dat die kinders en personeel 'n welverdiende rus gehad het. Ons het verskeie toere gehad tydens die vakansie en weet hierdie toere het ook 'n waardevolle bydrae gelewer in die ontwikkeling van ons kinders. Indien ons baie besig was tydens die vakansie en nie lekker kon uitrus nie, is daar ook 'n ruskans aan die einde van die maand.

## Johan Smith

Ons nooi graag alle ouers vir 'n aand van ouerskapverryking op Woensdag, 14 Mei 2025 om 18:30 by Kruik met skrywer, prediker en ouerskapkenner Johan Smith. Koste beloop R50/kaartjie. Volg gerus die skakel om te bespreek.




Die Skakel! → Johan Smith

## Week se Program

### 14 April 2025

- Oueraand Gr. 000 tot 3 & LSEN Voogklas 17:30 tot 19:00
- Oueraand Gr. 4 tot 7 Skoolsaal 17:30 tot 19:00
- Rugby B-spanne & 3des vs Curro
- Netbal o/12 & o/13 Gert Sibande Proewe 2de rondte
- ATKV Redenaars 1ste Rondte

### 16 April 2025

- Super 12 Rugby & Netbal Uitspele
- Skaak vs LS Secunda
- Drama Junior Interne Kompetisie

### 17 April 2025

- Skool sluit 12:00 vir Paasnaweek

## Skool sluit Donderdag, 17 Apri 2025 om 12:00 vir Paasnaweek



# Halfjaar Eksamen

Aan die einde van die tweede kwartaal is dit weer tyd vir die halfjaar eksamens. Soos verlede jaar sal ons weer verplig wees om Departementele eksamens te skryf in die meeste vakke. Ongelukkig sal ons geduldig moet wag vir die eksamenrooster, sodra ons die rooster ontvang het sal ons dit met u as ouers deel. U moet ook onthou dat dit baie moeilik is om 'n afbakening vir die vraestel vir die kinders te gee. Die basiese reël is dat die kinders oor die eerste en die tweede kwartaal se werk skryf, meer inligting sal met u gedeel word sodra ons dit ontvang het.

# Dankbaarheid

Ons het 'n heerlike ruskans gehad en is baie dankbaar dat almal veilig terug by die skool is.




# Drama

Baie sterkte aan al die Graad 0- tot 3-leerders wat Woensdag, 16 April 2025 deelneem aan ons Junior Interne Kompetisie. Leerders moet asseblief 17:00 reeds by die saal aanmeld, sodat ons stiptelik om 17:30 kan begin. Graad 4- tot 7-leerders neem 24 April 2025 deel.

# Netbal Gert Sibande Proewe

NETBAL - Baie geluk aan die volgende dogters wat tydens die 1ste rondte van die Gert Sibande Netbalproewe uitstekend gevaar het! Hulle dring deur na die 2de rondte proewe.

**o/13**

Izanie Ferguson
Mienke Visser
Kaley Knoetze
Kaylie Serfontein
Alissa Jansen van Rensburg
Nicole Potgieter
Lianke Luwes
Gabby Japhta

**o/12**

Monique du Plessis
Mia van Eeden
Mieke Erasmus
Cayleigh Cooper
Jané Kasselman
Mia-Belle Melville







| 14 Apr | 15 Apr | 16 Apr | 17 Apr | 18 Apr | 19 Apr | 20 Apr |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Rohan Bos<br>Rayelle Bosch<br>Erik du Plessis | Gabriella Matthee<br>Deané Jonker<br>Monia-Lii Botha<br>Donna-Lee Botha<br>Luvan Lessing | Liam v Dyk<br>Jason Scholtz<br>Lea Cronje<br>Nardus Pieterse<br>JC Steenekamp<br>Renesmé Becker | | Angelique v Huysteen<br>Kelly Rheeder<br>Liebe Reinecke | Henk J v Rensburg | Nicole Potgieter<br>Rebecca Landsberg<br>Dian Pretorius<br>Claire v Dyk<br>Kayley vd Walt |

# Landloopuitdunne

Baie geluk aan al ons langasems wat tydens die landloopuitdunne podiumplekke behaal het.














LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**